

Hoe kan jy help?

Ons vra jou hulp met vier sake:

- Bid asseblief vir ons gemeente.
- Help die koffiegeur verder versprei deur toe te laat dat die Here deur jou ander mense aanraak.
- Help om die gemeente se koffiebekkers vol te maak deur byvoorbeeld jou debietorder aan te pas. Debietorders is by die deure en in die kerkkantoor beskikbaar of vra dit aan by info@kameeldrif.ng.org.za. Kontantbydraes kan steeds inbetaal word of na die erediens gebring word. Onderaan die brief verskyn ons bankbesondhede vir Internetbetalings indien jy so sou verkies. Jy kan ook deur Snapscan betaal. Sonder die finansiële steun van ons lidmate kan ons nie God se Koninkrykswerk verrig nie.
- Jy is ook welkom om 'n ekstra bydrae te maak ter ondersteuning van Kamcare, Jakaranda Bedieningsfonds en ons bouprojekte.

Uitnodiging

Hiermee wil ons as leraars jou uitnoui as ons jou op die een of ander manier kan help met inligting van watter aard ookal, of vir pastorale hulp. Begrotings navrae kan gerig word aan:

- Hannes Adlam → Familiekerk NG Kameeldrif → 082 780 9380
- Lianda Pretorius → Kamcare → 082 805 0097


Groete in Christus!



Willem Pretorius Roelf Opperman Liesel Krause-Wiid Drian Viljoen Alwine Strauss

Bankbesonderhede vir Internetbetalings:

Rekeningnaam	NG Gemeente Kameeldrif	Rekeningnaam Bank	Kamcare ABSA
Bank	ABSA	Takkode	632005
Takkode	632005	Rekeningnommer	407 235
Rekeningnommer	143 058 0104		3253



Snap here to pay

SnapScan

Webwerwe:

- www.kameeldrif.org
- Www.kamcare.org

FAMILIEKERK NG KAMEELDRIF

April 2019

Beste Lidmaat

Ons gemeente se boekjaar het pas afgesluit. Omdat ons glo dat God se mense verantwoordelikheid vir God se werk hier op aarde aanvaar, wil ons graag met hierdie brief verslag doen van die afgelope jaar en ook saam met jou droom oor die jaar wat voorlê.

Om 'koffie te drink' is een van die geloofsgewoontes wat ons in ons gemeente beoefen. Dis 'n metafoor vir die bou van vriendskappe. Soos wat die koffiegeur versprei het dit ook 'n beeld geword vir die verspreiding van die 'geur' van God se koninkryk hier in ons omgewing.

Ons het reeds verlede kwartaal die onderstaande inligting oor waar ons oral betrokke is vir jou gegee:




Om al die koppies koffie vol te hou het ons in die afgelope boekjaar 'n begroting van R3,525,961 (NG Kameeldrif) en R1,800,713 (Kamcare) bestuur.

’n Opsomming van die gemeente se resultate oor die afgelope 5 jaar lyk soos volg:

Finansiële jaar	Inkomste - R	Uitgawes - R	Surplus/ (Tekort)
28 Feb 2015	2,477,973	2,648,797	(170,824)
28 Feb 2016	2,786,473	2,712,550	73,923
28 Feb 2017	2,856,971	2,859,658	(2,687)
28 Feb 2018	3,112,547	3,066,379	46,168
28 Feb 2019	3,487,441	3,525,961	(38,520)

Elke Rand wat jy die afgelope boekjaar by die kerk gegee het, is soos volg spandeer:



Ons staan elke jaar verstom om te sien hoedat die Here deur ons lidmate ten spyte van ’n baie moeilike ekonomiese klimaat in ons land voorsien. Baie dankie daarvoor!

Vir die komende boekjaar begroot ons vir ’n gesamentelike uitgawe van R5 773 795,00 (R3,906,795 – gemeente en R1,867,000 – Kamcare).

Om dit te bereik wil ons die volgende vra:

Ons is tans 1,271 belydende lidmate en 523 dooplidmate in ons gemeente. As elke lidmaat sy/haar dankoffer met **R50.00 per maand (die prys van twee koppies koffie)** kan verhoog, sal ons baie gemaklik ons maandelikse uitgawes kan nakom en ook ons werk kan uitbrei.

Ons het ook drie feeste wat vir die res van die jaar voorlê:

- 31 Augustus is ons Kameeldrif Bosveld Kuierfees. Ons het ten minste 5 beeste (en natuurlik ander vleis) nodig om vir daardie dag gereed te kry. Kontak asb vir Christa Frederickson (083 226 2495) of die Kerkkantoor (012 756 4223) as jy ’n bees/skaap/vark kan skenk. Christa het weiding beskikbaar om die beeste nou reeds vet te maak.
- 27 Oktober is ons dankofferfees. Dan kry elke lidmaat geleentheid om uit dankbaarheid vir dit wat die Here doen hulle dankoffer kerk toe te bring. Tydens die geleentheid daag ons lidmate uit om te kyk of hulle nie ’n tiende van hulle inkomste kerk toe te kan bring nie.
- Desember is Liggiefees-tyd by Jakaranda kinderhuis. Ons gemeente is verantwoordelik om elke aand in Desember hamburgers by die fees te verkoop. Die wins gaan dan vir die geestelike bediening by die kinderhuis.

Indien jy deel van ’n maatskappy is wat BEE verpligtinge het, moet jy ons asseblief met die persoon wat daarmee werk in aanraking bring. As die besigheid se omset tussen R10 tot R50 miljoen is, kan hul by Kamcare die volle erkenning ontvang vir punte op Social Economic Development en/of Enterprise Development onder die kodes van goeie praktyk.

Kamcare is ook geregistreer by SARS as ’n Publieke Weldaadsorganisasie. Wat dit beteken is dat indien jy ’n donasie aan Kamcare maak, jy geregtig is om die donasie van jou belasbare inkomste af te trek en dus spaar jy op die belasting wat jy moet betaal – jy ontvang ’n Artikel 18A sertifikaat.

Het jy dit al oorweeg om byvoorbeeld 10% van jou boedel aan die kerk te bemaak sodat ons gemeente selfs na jou dood instaat is om God se Koninkrykswerk voort te sit?

Bo en behalwe die normale begroting wil ons ook twee bouprojekte hierdie jaar aanpak:

Veilige speelplek langs Kremetart

- Daar is behoefte aan ’n veilige speelplek langs Cafè Kremetart waar ouers kan sit en koffie drink terwyl hulle ’n oog oor hulle kinders kan hou wat speel. Die DKW mannegroep neem leiding in hierdie projek.

Omskepping van buitegeboue in ’n woonstel

Vir ’n volhoubare inkomste wil ons ’n deel van die buitegeboue by dr Roelf se pastorie in ’n tweeslaapkamerwoonstel omskep wat uitverhuur kan word.

Vir beide hierdie projekte vra ons hulp. Daar is lyste by die Kerkkantoor beskikbaar waar ons hulp in terme van boumateriaal, arbeid en kundigheid vra. Kom bied asb hulp aan. Ons wil probeer om beide die projekte met so min uitgawes as moontlik af te handel.